**Les 28 GOD SORG, MAAR ABRAM EN SARAI IS ONGELOWIG EN PLEEG EGBREUK**

Hier is dit nog Abram en Sarai?

**1. Hersiening**

Kan julle nog onthou wat was Josef se twee seuns se name? Hulle name was Efraim en Manasse. Hulle name was Josef se geloofsbelydenis. Met sy seuns se name, het Josef gewys hy glo hy is God se kalfie en God se beeld.

Kom ons kyk weer wat beteken Josef se seuns se name: "Manasse" beteken: "God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het." "Efraim" beteken: "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.''

Josef het geglo God sal al die swaarkry van mense wat hom wil seermaak, gebruik om vir hom te sorg en vir hom goed te wees. Sy seun Manasse se naam het gewys dat Josef glo God sorg vir hom, en daarom vergeet hy al sy swaarkry en doen die werk waarvoor die Here hom geroep het.

Kan julle nog onthou hoe Josef swaarkry vergeet en vir God gewerk het? Hy het vergeet van sy pa se voortrekkery en die opdrag wat sy pa vir hom gegee het, gedoen. Hy het vergeet van sy broers se haat en vir sy nuwe baas goed gewerk. Hy het vergeet van hoe skaam die simpel tannie hom gemaak het en die Here se plan vir sy bendemaats verduidelik. Hy het vergeet van hoe swaar hy in die tronk gekry het en vir sy broers en familie kos en blyplek in Egipte gegee.

Efraim se naam beteken dat Josef glo God sorg en kan in 'n vreemde land waar jy 'n slaaf is, vir jou 'n belangrike mens maak op wie vreemde mense naderhand staatmaak. Met sy seun Efraim se naam wys Josef hy glo hy is God se beeld: God gebruik Sy kinders vir Sy plan, God vat Sy kinders waar Hy hulle wil hê, en God laat Sy kinders wees soos hulle is, al leef hulle tussen mense wat glo God is hulle beeldjie en hulle kan met God en mense maak net soos hulle wil.

**2. Ongeloof en sonde**

Ons het nou 'n paar keer gekyk hoe Josef geglo het God sorg. Ons het gesien dat, omdat Josef geglo het God sal sorg al wil mense hom seermaak en laat swaarkry, hy aangehou het om God te dien.

Ons gaan nou vir 'n paar keer kyk hoe Josef se oupagrootjie en ander familie, nie geglo het God kan vir hulle sorg nie, en dan sonde gedoen het.

Sonde is die goed wat ons doen omdat ons nie glo dat God vir ons sorg nie. Sonde is die goed wat ons doen omdat ons nie meer glo ons is God se kalfies en ons is God se beeld nie. Ons doen sonde wanneer ons glo ons behoort nie regtig aan die

Here nie. Ons doen sonde wanneer ons glo God is óns beeldjie en ons moet vir God help en sorg. Hy kan ons nie help en versorg nie.

### 3. Abram en Sarai doen saam sonde

Abram en Sarai was Josef se oupa- en oumagrootjie. Onthou julle nog die Here se belofte aan Abram: die Here het vir Abram gesê hy moet die beeldjie van sy maangod uitlos en God sal vir hom sorg. Die Here het beloof dat hy vir Abram sy eie kind sou gee, al was Abram en Sarai al baie oud.

Kyk wat doen Josef se oupa- en oumagrootjie!

*"Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad.* [2]*Toe sê Sarai vir Abram: "Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word." En Abram het saamgestem met sy vrou.* [3]*Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar, haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het.* [4]*Hy het by Hagar gaan slaap en sy het swanger geword."* (Genesis 16)

Hulle doen saam sonde. Sarai vat sommer een van haar bediendes in die huis en sê vir haar man dat hy saam met hierdie bediende 'n kind moet kry. Sarai dink dat, omdat dit sommer maar net 'n bediende is, sy die bediende se kind na die tyd kan vat en maak asof dit haar eie kind is.

En wat maak Abram?

Abram stem saam met sy vrou se plan. Hy wil graag 'n seun hê en nou gaan hy sommer saam met een van die bediendes in die huis 'n kind kry.

Die Bybel noem hierdie plan wat Abram en Sarai saam maak, egbreuk. Hulle moes saam en alleen man en vrou wees en die Here vertrou het om Sy belofte van kinders vir hulle waar te maak. Nou dink Sarai haar bediende kan sommer ook Abram se vrou wees totdat sy 'n kind kry, en dan moet hierdie vrou sommer net weer 'n bediende wees en nie meer Abram se vrou of haar kind se ma wees nie. Om mense sommer so vir 'n rukkie te gebruik as jou man of vrou en dan skielik te maak asof hulle nie meer jou man of vrou is nie, is egbreuk. Om te maak asof iemand anders ook jou vrou kan wees terwyl jy met een vrou getroud is, is egbreuk. Jy breek die band tussen 'n man en vrou wat saam vir mekaar lief is en saam met mekaar leef.

### 4. Sondeplannetjies werk nie soos mense dit opmaak nie

Dink julle dit was 'n slim plan van Abram en Sarai om die bediende te gebruik om vir hulleself 'n kind te kry?

Kyk wat gebeur!

*"Toe sy agterkom sy is swanger, het sy haar eienares geminag."*

Toe die bediende sien sy gaan Abram se kind kry, toe voel sy sy is nie meer sommer net ’n bediende nie. Sy voel sy is nou Abram se regte vrou. En dit is mos nie simpel van haar om so te voel nie. Want sy kan vir Abram ’n seun gee, maar sy regte vrou kan nie vir hom ’n seun gee nie. En toe begin sy maak asof sy nie meer ’n bediende is nie en luister nie meer na Sarai nie. Sy maak toe sommer asof Sarai nie meer vir Abram belangrik is nie.

Het Abram en Sarai se sondeplannetjie om haar sommer net vir ’n rukkie die vrou in die huis te maak om haar kind te kry, en haar dan sommer net weer die bediende te laat wees, gewerk?

Nee! Want mense is nie sommer net goed wat jy kan gebruik en weggooi, gebruik en wegsit nie. Mense behoort aan God en God maak mense wat hulle is. Mense is God se beeldjies. God is nie mense se beeldjie nie.

Daarom werk sondeplannetjies nooit nie. Niemand kan ander mense sommer gou-gou gebruik om iets te kry, en hulle dan weggooi en maak asof hulle nie meer daar is nie.

**5. Abram en Sarai maak asof hulle sonde nie húlle sonde is nie**

Wat maak Abram en Sarai toe hulle sien hulle sondeplannetjie nie werk nie? Kyk wat sê die Bybel: *“5Toe sê Sarai vir Abram: “Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee om met haar gemeenskap te hê, en noudat sy agterkom sy is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys.” 6Maar Abram sê vir Sarai: “Jou slavin staan onder jou. Doen met haar soos jy goeddink.” (Gen. 16)*

Sarai maak asof dit Abram se skuld is dat haar bediende nie nou meer sommer net die bediende is nie. Kyk hoe beskuldig sy haar man: *“Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur.”* Maar wie se plan was dit eerste? Dit was eerste háár plan! Nou maak sy asof dit nie haar skuld is dat die bediende nie sommer net meer ’n bediende is nie, maar ook ’n vrou met regte as vrou nie.

Kyk wat sê Sarai nog: *“Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys.”* Hierdie woorde beteken dat sy glo dat God gaan wys sy is onskuldig en Abram is skuldig. Sy dink God is sommer haar ’n beeldjie wat sy kan gebruik soos sy wil, net soos sy haar bediende sommer net wou gebruik het soos sy wou. Die Bybel noem Sarai se verskoning vir haar sonde: “Om God se Naam te misbruik”.

En Abram? Skielik maak Abram asof Hagar nie meer sy vrou is nie, maar sommer net Sarai se bediende. Maar voor die tyd het hy aanvaar sy is sy nuwe vrou. Abram maak asof sy sonde niks met hom te doen het nie en gooi sommer sy vrou weg asof sy niks anders as net ’n bediende is nie. Hy maak asof sy vrou maar die skuld moet dra vir sy sonde. Hy wil geen verantwoordelikheid dra dat hy sy vrou se bediende sy vrou gemaak het nie.

**6. Sarai en Abram maak van Hagar en haar seun ’n weggooi-ma en -kind**

Kyk wat maak Abram en Sarai nou! *"Sarai het haar slavin toe sleg behandel, en sy het weggeloop."* Sy behandel haar bediende só sleg dat sy moet wegloop asof dit haar eie skuld is. En Abram maak asof hy niks raaksien nie! Hulle maak van Hagar 'n weggooi-ma. Wat gaan nou van haar kind word? Sarai en Abram maak asof hierdie kind wat hulle saam beplan het om by die bediende te kry en hulle eie kind te maak, 'n weggooikind is wat in die veld, sonder 'n huis of geld, moet grootword.

Dit is hoe mense met ander mense maak wat hulle vir hulle sondeplannetjies gebruik. As hulle sondeplannetjies nie werk soos hulle dit beplan nie, dan gooi hulle mense weg asof hulle sommer goed is wat jy kan gebruik en weggooi as jy hulle klaar opgebruik het.

**7. Omdat hulle nie meer in God se versorging glo nie**

Hoekom gebruik hulle eers die bediende en maak haar sommer ook Abram se vrou, en jaag haar daarna weg soos 'n slegte bediende? Hoekom gebruik hulle haar om 'n kind te kry, maar as sy 'n kind kry, maak hulle die kind wat hulle beplan het, sommer 'n weggooikind?

Dit is omdat Abram en Sarai nie meer geglo het dat God vir hulle sorg nie. Josef het geglo God sal al die swaarkry gebruik om vir hom goed te wees. Maar Abram en Sarai het geglo hulle swaarkry beteken God het hulle vergeet. Kyk hoe wys die Bybel dit: *"[2]Toe sê Sarai vir Abram: "Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word." En Abram het saamgestem met sy vrou. [3]Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar, haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het."(Gen. 16)*

Omdat hulle al tien jaar lank wag vir die Here se belofte, raak hulle kwaad vir die Here omdat hulle so swaarky. Hulle glo hulle swaar gewag en gesukkel om kinders te hê, is omdat God hulle vergeet het en nie meer vir hulle kan sorg nie. Daarom sorg hulle nou sommer self op hulle eie manier, met hulle eie planne.

Alle sondeplannetjies wat mense maak, is omdat hulle kwaad word vir die swaarkry wat God toelaat en omdat hulle glo die Here kan niks aan hierdie swaarky doen nie. Josef het anders geglo. Josef het geglo dat God sy swaarkry sal gebruik om vir hom goed te wees. Daarom het Josef nie sy eie sondeplannetjies gemaak nie, maar geglo en gewerk.

**8. God sorg ook vir ma's, pa's en kinders wat mense dink hulle kan weggooi**

Het die Here sommer gestaan en kyk hoe Abram en Sarai van Hagar en haar seun 'n weggooi-ma en weggooi-seun wil maak? Kyk wat doen die Here: *"[7]Die Engel van die Here het vir Hagar ontmoet by 'n fontein in die woestyn, die fontein langs die pad na Sur toe, [8]en vir haar gevra: "Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?" Toe antwoord sy: "Ek loop van my eienares Sarai af weg," [9]en die Engel van die Here sê vir haar: "Gaan terug na jou eienares toe en onderwerp jou aan haar gesag." [10]Verder het die Engel van die Here vir haar gesê: "Ek sal jou nageslag so baie maak dat hulle te veel sal wees om te tel." [11]En toe sê die Engel van die Here ook nog vir haar: "Kyk, jy is swanger; jy sal 'n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem, want die Here*

*het van jou swaarkry gehoor…. [13]Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het."… [15]Hagar het vir Abram 'n seun in die wêreld gebring, en Abram het sy seun wat Hagar in die wêreld gebring het, Ismael genoem. [16]Abram was ses en tagtig toe Hagar vir Ismael vir hom in die wêreld gebring het." (Gen. 16)*

Die Here sorg vir die vrou wat hulle sommer net die bediende wil laat wees. Vir die Here is sy nie sommer net die weggooi-ma en haar seun sommer die weggooikind, net omdat dit nou vir Abram en Sarai moeilik is om 'n bediende met 'n kind te hê nie. Die Here wys dat hy ook die bediende se swaarkry gebruik en vir haar goed is met al die swaarkry wat haar werkgewers en haar eie sondes vir haar veroorsaak het. Hulle sonde van egbreuk kan nie haar en haar kind sleg maak nie. Die Here is vir haar en haar seun só goed, dat hulle weer na Abram en Sarai kan teruggaan en dat hulle 'n regte vrou en regte seun kan wees.

God laat nooit toe dat ma's, pa's en kinders weggooigoed word omdat mense hulle misbruik nie. God laat altyd Sy kinders en hulle kinders regte ma's, regte pa's en regte kinders wees. God laat Sy plan met Sy kinders werk. God laat nooit toe dat mense se sondeplannetjies vir Sy kinders werk nie.

God laat Sy kinders nooit weggooi-goed word omdat mense dink hulle kan Sy kinders gebruik en weggooi nie. God sorg altyd vir Sy kinders. Mense se egbreuk kan nie maak dat die mense en kinders in hierdie egbreuk, weggooigoed word nie. God maak ma's, pa's en kinders altyd regte ma's, regte pa's en regte kinders. Al pleeg mense egbreuk.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog